education
Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noordwes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 MEMORANDUM

**SEPTEMBER 2014**

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
    - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
    - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woord(e) sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die gegewe korrekte antwoord aanvaar.

**VRAAG 1**
**TEKS A: CHRISTIAN, DIE WARE VERHAAL ...**

[Verwerk uit: http.www.kidzwold.com/artikel/24196]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | ware verhaal<br>(TWEE WOORDE) | 1 | 1 |
| 1.2 | C die teenwoordigheid van 'n leeu in die meubelwinkel. | 1 | 1 |
| 1.3 | Hulle het hom by Harrods in Londen gekoop./<br>Hulle het hom in die afdeling vir eksotiese diere by Harrods gekoop./<br>Harrods<br>(Of soortgelyk) | 1 | 1 |
| 1.4.1 | Hy het sy eie leefruimte gekry./<br>Hy het 'n leeugroot sandbak gekry. | 1 | 2 |
| 1.4.2 | Hy het saam met sy baas sokker gespeel in 'n begraafplaas daar naby. | 1 | 1 |
| 1.5 | "Hy het 'n plaaslike ster geword."<br>(Volledige sin) | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.6 | Honderd en vyftig pond/<br>150 pond | 1 | 2 |
| 1.7 | Hy is daarheen geneem sodat hy kon leer om in 'n natuurlike omgewing vir leeus te funksioneer./<br>Hulle wou hê hy moes soos 'n gewone leeu lewe./<br>Om gerehabiliteer te word.<br>(Of soortgelyke sinvolle antwoord/Aanhaling) | 1 | 2 |
| 1.8 | Rehabiliteer<br>(EEN WOORD) | 1 | 1 |
| 1.9.1<br>1.9.2 | Onwaar<br>George het hulle gewaarsku dat Christian dalk glad nie in Afrika sou kon aanpas nie.<br>(Of soortgelyk) | 1<br><br>1 | 2<br><br>2 |
| 1.10.1<br><br><br><br>1.10.2 | Christian moes leer om sonder die hulp van mense te oorleef./<br>Sonder mense sou hy met ander leeus moes vriende maak.<br>(Of soortgelyk)<br>Ja.<br>Bv. Mense leer om wilde diere te verstaan.<br>Nee.<br>Enige sinvolle motivering.<br>Bv. Wilde diere is moeilik om te hanteer wanneer hulle volwassenheid bereik. | 1<br><br>1 | 3<br><br>3 |
| 1.11 | • Hy het hom aan 'n ander mak leeu voorgestel.<br>• Hy voeg later 'n wyfiewelpie by die trop. | 2 | 1 |
| 1.12 | Ja.<br>Dit kon Christian so bang gemaak het dat hy glad nie sou leer om as wilde leeu te funksioneer nie.<br>(Of soortgelyke sinvolle antwoord.) | 1 | 3 |
| 1.13 | Hy het vir Christian en sy trop baie lank nie gesien nie./<br>Christian sou dalk nie meer by mense wou wees nie. | 1 | 1 |
| 1.14 | Christian het na al die tyd steeds sy vorige eienaars herken en was glad nie aggressief nie./<br>Hy het sy vorige eienaars onthou.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 1.15.1<br>1.15.2 | Mening.<br>"dalk" | 1<br>1 | 1<br>2 |
| | **SUBTOTAAL: 20** | | |

| TEKS B: LEEUS MET LETSELS. [Verwerk uit: http/www.bloemfonteincourant.co.za/artikel/56] | | | |
|---|---|---|---|
| 1.16 | "heerlike avontuurverhaal" | 1 | 1 |
| 1.17.1<br>1.17.2 | Onwaar.<br>"… ouer lesers en jongelinge …" | 1<br>1 | 2<br>2 |
| 1.18 | • Probleme by die skool.<br>• Finansiële probleme. | 2 | 1 |
| 1.19. | Gebruik van hoofletters./<br>Donker agtergrond vir die titel./<br>Die krapmerke oor die titel./<br>Alliterasie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 1.20.1<br>1.20.2<br>1.20.3 | Christian<br>Londen<br>Afrika | 3 | 2 |
| 1.21 | Bv. Hartseer/Jammer/Empatie, omdat hulle albei in 'n vreemde plek sal moet aanpas.<br>(Of soortgelyke sinvolle antwoord) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | |
| | **TOTAAL AFDELING A: 30** | | |

## AFDELING B: OPSOMMING

### ALGEMEEN

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk of beplanning gedoen word, let op die volgende.
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en word slegs die tweede poging nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word en nie doodgetrek/duidelik as rofwerk aangedui is nie, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate word gepenaliseer vir die gebruik van direkte aanhalings.
- Kandidate hoef nie 'n opskrif te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 70 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

**DIE OPSOMMING WORD AS VOLG NAGESIEN:**

**Toekenning van taalpunte indien kandidaat nie direkte aanhalings gebruik nie:**

| **Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.** | **TAALPUNTE** |
|---|---|
| 1-3 feite korrek | 1 |
| 4-5 feite korrek | 2 |
| 6-7 feite korrek | 3 |

**Toekenning van taalpunte indien die kandidaat direkte aanhalings gebruik het:**

| | |
|---|---|
| 6-7 aanhalings: | Geen taalpunt word toegeken. |
| 1-5 aanhalings | EEN taalpunt word toegeken. |

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (HORISONTAAL/VERTIKAAL)**

| | |
|---|---|
| **Feit** | 7 |
| **Taal** | 3 |
| | = 10 |

**LET WEL**

**Formaat**

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling**

- Nasieners tel die getal woorde indien die opsomming te lank lyk.
- Indien die kandidaat se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe aantal woorde bevat (minder as 70 woorde), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- Indien die kandidaat nie die aantal woorde aandui nie, word hy nie gepenaliseer nie.

Kopiereg voorbehou

| VRAAG 2: VOORSTELLE VIR DIE SKEP VAN 'N ORGANIESE VOEDSELTUIN. | |
|---|---|
| **Direkte aanhaling** | **Moontlike verwerking** |
| 1. Die vinnig veranderende klimaat in Afrika, maak dit noodsaaklik dat mense opgevoed word om hul eie voedsel te verbou en van metodes gebruik te maak wat die minimum water en chemiese stowwe benodig. Hier volg 'n paar voorstelle vir die ontwikkeling van 'n voedseltuin. | Geen feit. |
| 2. Dit is nodig om soveel water as moontlik op te vang wanneer dit reën om die druk op ons waterbronne te verlig. **Kry dus 'n houer soos 'n tenk om die maksimum natuurlike water te stoor.** | Kry 'n houer om soveel moontlik water te stoor. |
| 3. **'n Stukkie vrugbare grond, sonder rotse, wat genoeg sonlig kry, is die beste plek vir jou tuin**. Die grond waarop jy besluit moet vir 'n redelike tyd beskikbaar wees, omdat dit lank neem om 'n voedseltuin te vestig. | 'n Sonnige stukkie grond sonder rotse is 'n goeie plek vir 'n tuin.<br><br>Vrugbare grond sonder rotse is 'n goeie plek vir 'n tuin. |
| 4. Natuurlike bemesting soos kompos en dieremis lok baie insekte. **Sorg dat die area waar jy jou kompos maak, ver genoeg van jou tuin is, sodat insekte nie jou groente aanval nie.** | Die plek waar jy kompos maak moet nie te naby aan jou tuin wees nie. |
| 5. **Maak gebruik van sade uit die omgewing of van sade van ander boere rondom jou.** Probeer om nie geneties-gemanipuleerde sade te gebruik nie. | Gebruik sade uit die omgewing. |
| 6. Ontwikkel jou eie saadbank. Dit is beter om eers die saadjies te laat opkom. **Wanneer die saailinge redelik sterk is, kan jy dit in jou tuin uitplant.** | Wag tot saailinge uit jou saadbank sterk is, voordat jy dit in jou tuin uitplant. |
| 7. Lê jou tuin so uit dat daar plek is om te beweeg. **'n Goeie idee sal wees om paadjies tussen jou groentebeddings te maak.** | Maak paadjies tussen jou groentebeddings. |
| 8. **'n Grens om diere en insekte uit te hou, is ook baie belangrik.** Plante soos kaktusse hou bokke weg en sekere soorte blomme verdryf skadelike insekte. | Sorg vir 'n grens om diere en insekte weg te hou. |
| | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

**AFDELING C: TAAL**
**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**WOORDSTRUKTURE**
- Spelling moet korrek wees om 'n punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**
- Wanneer die verlede tyd getoets word, moet ge- as EEN WOORD met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet te- in verbinding met die infinitief as TWEE WOORDE geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 26 September 2013]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Drie/<br>3 | 1 | 3 |
| 3.2.1<br>3.2.2<br>3.2.3 | B Verskaf volledige inligting.<br>A Kreatiewe taalgebruik.<br>D Beklemtoning van sekere aspekte. | 3 | 3 |
| 3.3 | Donkerder agtergrond./<br>Vetgedrukte letters./<br>Uitroepteken.<br>(Enige een of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 3.4.1 | vier en negentig duisend/<br>vier-en-negentig duisend | 1 | 2 |
| 3.4.2 | korrek/<br>reg | 1 | 1 |
| 3.5 | Propvol/<br>Skreeusnaaks<br>(Enige EEN) | 1 | 1 |
| 3.6 | Mense wat daarvan hou om te lag./<br>Mense wat van grappies en snaakse tekenprente hou./<br>Mense wat hou van humor.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 3.7 | C die naam van die boek is. | 1 | 2 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | |

| VRAAG 4: STROKIESPRENT | [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 26 September 2013] | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK** |
| 4.1.1<br><br>4.1.2 | m<br>(Geen punt na die afkorting)<br>watervalletjie. | 1<br><br>1 | 1<br><br>1 |
| 4.2 | Oortjies daar is <u>niks</u> wat jy moet verstaan <u>nie</u>. | 2 | 2 |
| 4.3 | Meeste | 1 | 2 |
| 4.4 | Vir<br>Na<br>(Enige een) | 1 | 1 |
| 4.5 | Bulhonde behoort vir niks in die lewe terug te deins nie. | 1 | 3 |
| 4.6 | Wagter sê dat <u>hy</u> eendag gaan uitvind wie <u>hom</u> afgestamp het. | 2 | 2 |
| 4.7 | Bv. Nee, hy het gespring, omdat iemand hom afgestamp het.<br>(Of soortgelyke sinvolle SIN) | 1 | 3 |
| | **SUBTOTAAL: 10** | | |

| VRAAG 5: PROSA EN PRENT | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK** |
| 5.1 | Daar <u>was</u> ongeveer 5,4 miljoen elektriese geisers in huise regoor Suid-Afrika. | 1 | 2 |
| 5.2 | Waarom moet jy jou geiser afskakel?/<br>Hoekom moet jy jou geiser afskakel?<br>(Enige EEN)<br>Indien die vraagteken afwesig is, verbeur die kandidaat die punt. | 1 | 2 |
| 5.3 | Skakel jou geiser tydens spitstye af, sodoende help jy om druk op die nasionale kragnetwerk te verlig./<br>Skakel jou geiser tydens spitstye af, om sodoende te help om druk op die nasionale kragnetwerk te verlig. | 1 | 2 |
| 5.4 | Stabiliseer | 1 | 2 |
| 5.5 | Krag+netwerk | 1 | 1 |
| 5.6 | Waarmee | 1 | 1 |
| 5.7 | Eskom waarsku: "Julle plaas te veel druk op die nasionale kragnetwerk."/<br>Eskom sê: "Daar word te veel druk op die nasionale kragnetwerk geplaas." | 1 | 2 |
| 5.8 | Ons moet daagliks probeer om meer krag te bespaar. | 1 | 2 |
| 5.9 | Baie inligting in verband met kragbesparing word deur ESKOM verskaf./<br>Baie inligting word deur ESKOM verskaf in verband met kragbesparing. | 1 | 2 |
| 5.10 | C Elektrisiën | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.11.1<br>5.11.2 | Stereotipering<br>Bv. Daar is mense in Suid-Afrika wat wel probeer om krag te bespaar./<br>Nie almal mors elektrisiteit nie.<br>(Of soortgelyke sinvolle motivering) | 1<br><br>1 | 3<br><br>3 |
| 5.12 | Saans | 1 | 1 |
| 5.13 | Bv. Skakel ook ander onnodige elektriese toestelle af./<br>Moenie ligte onnodig laat brand nie.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| | | | |
| **TEKS G: PRENT** | | | |
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK** |
| 5.14 | Ek is so gelukkig! /<br>Ek is so bly! | 1 | 2 |
| 5.15 | laggende | 1 | 2 |
| 5.16 | Vir iemand wat honger ly, kan ‘n koppie sop baie beteken.<br>(Of soortgelyk) | 1 | 3 |
| 5.17 | Positiewe/<br>vriendelike/<br>simpatieke | 1 | 2 |
| 5.18 | ‘n Woordvoerder van Shoprite sê dat hulle reeds duisende kinders gehelp het.<br>Korrigeer ‘n (½)<br>Hoofletter by Woordvoerder. (½)<br>Hoofletter by Shoprite. (½)<br>Kappie op sê. (½) | 2 | 2 |
| | **SUBTOTAAL: 20** | | |
| | **TOTAAL AFDELING C: 40**<br>**GROOTTOTAAL: 80** | | |

Kopiereg voorbehou